

NUUS VAN DIE SUSTERS

SUSTERSVERGADERING

Die susters word herinner aan die sustersvergadering op Woensdag, 10 April 2013 om 18:30. Almal is baie welkom.

DATUM(Woensdag)	Maand - BESTUURLID AAN DIENS	WYKE
10 April 2013	Bets de Lang	7 & 21
8 Mei 2013	Marlene Lemmer	8 & 17



Johannes – Tuinier van die Kerk (Vir aandag alle gemeentelede)

Johannes mag slegs van twee persone opdragte ontvang: die Koster, Sr Kotie Oosthuizen of die Voorsitter van die Boukommissie, Br Hannes Pelser. U moet met hulle skakel voordat u enige opdrag vir hom gee. Indien Johannes enige opdragte uitvoer sonder dat die regte kanale gevolg is, kan dit lei tot dissiplinêre stappe teen hom. Baie dankie vir u samewerking.

Kotie Oosthuizen – 082 808 5062

Hannes Pelser – 018 468 7542/083 250 4687



PENSIOENARIS BESKIKBAAR VIR ALGEMENE NUTSWERK

Vaardig in sweis-, loodgieters-, hout- en teëlwerk


Corrie Botha 083 429 4824



Gedagte vir die week: Psalm 85:9

Ek wil luister na wat God die Here sê, want sy woord bring vrede vir sy volk, vir die wat Hom getrou dien.

Hulle moet net nie weer afdwaal nie.



SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale” [Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 8

Sondag, 17 Maart 2013

Nommer 10

PREKE VANDAG

Oggenddiens:

Tema: Kyk na ander deur die bloed van Christus

My optrede teenoor ander moet nie bepaal word deur wat hulle doen en sê en selfs verdien nie, maar deur liefde. Die liefde wat die Here vir my het, en ek daarom self mag hê.

Ontmoetingsdiens

Die votum en seën

Ons loof God: **Psalm 103:1,6 & 7 (504)**

Verootmoediging- en versoeningsdiens

Ons bely ons geloof

Ons luister na die wet van die Here

Ons antwoord op die wet:

Psalm 119:3 & 6 (586)

Ons bid saam

Ons sing saam: **SB 3-4:1,2,3 & 5**

Woorddiens

Die Here praat: **Lukas 6:27-36**

Teksvers: **Lukas 6:27**

Preek

Antwoorddiens:

SB 5-3:1 & 5

Die Here seën ons



Ds. André de Jager

Aanddiens:

Skriflesing: **Romeine 8:18-30**

Teksvers: **Romeine 8:23**

Heidelbergse Kategismus:

Sondag 48

Tema: Onderwerp jou aan die koninkryk van God

Hoewel ons onderdane van God se koninkryk is, is ons as gevolg van ons sonde, dikwels onwillige onderdane. En daarom moet ek eers bid dat Hy van my 'n beter onderdaan sal maak, 'n gehoorsame onderdaan.

Psalm 18:1 (70)

Psalm 25:2 (115)

Psalm 145:1,2 & 3 (696)

TYDENS EREDIENSTE – Sondag, 17 Maart 2013			
Oggenddiens 09:30		Aanddiens 18:00	
Psalm/ Skrifberyming	Bl.	Psalm/ Skrifberyming	Bl.
1. Psalm 103:1,6 & 7	504	Psalm 18:1	70
2. Psalm 119:3 & 6	586	Psalm 25:2	115
3. SB 3-4:1,2,3 & 5		Psalm 145:1,2 & 3	696
5. SB 5-3:1 & 5			

KOLLEKTES			
DATUM	WYKE	BY DIAKENS	SAKKIES BY DEURE
17 Maart	Wyk 4(O) & Wyk 5(A)	Barmhartigheid	Bybelverspreiding
24 Maart	Wyk 6(O) & Wyk 7(A)	Barmhartigheid	Ekumenisiteit Buitelands
31 Maart	Wyk 8(O) & Wyk 9(A)	Barmhartigheid	Pro Ecclesia-fonds
7 April	Wyk 10(O) & Wyk 11(A)	Barmhartigheid	Sustentatie
GEMEENTEPROGRAM: Sondag, 17 Mrt - Saterdag, 23 Maart 2013			
Sondag, 17 Maart	Oggenddiens	09:30	
Sondag, 17 Maart	Aanddiens	18:00	
Sondag, 17 Maart	Katkisasie	Direk na kerk	
TEESKINKBEURTE			
Sondag, 17 Maart 2013		Wyk 5 en Wyk 6	

BYBELSTUDIE

SONDAG, 17 Maart 2013: 19:00 – konsistorie. (*Hebreërs*)

Manne Bybelstudie: DINSDAG, 19 Maart 2013 – konsistorie

6:00 & 10:00 & 18:00

LIEF EN LEED

- **Sr Shani Loxton** is deur twee Varkhonde aangeval terwyl sy met haar worshond gaan stap het. Hulle het die worshond doodgebyt. 'n Wond aan haar linkerhand het septies geword en sy moes die week in die hospitaal deurbly. Agv hiervan kon sy dus nie aan die Meesters swemtoernooi in PE deelneem nie. Ons bid haar 'n spoedige herstel toe. (**Wyk 4 – 082 742 8136**)
- **Sr Santa van der Walt** was Donderdag in 'n motorongeluk betrokke. Ons is dankbaar dat sy nie ernstig seergekry het nie. (**Wyk 26 – 018 293 8575/083 407 2267**)

- **Dr. Nico van de Merwe** (Klerksdorp gemeente) het die begin van die jaar geval en die laaste drie rugwerwels beseer. Die Dr. wou 27 Februarie opereer maar 'n internis het 'n onreëlmatigheid in sy hart gevind, sodat die operasie uitgestel is. Dr. Nico sou 'n tweede opinie kry en eers dan weet of die operasie deurgaang of nie. Ons bid u 'n spoedige herstel toe. (**018 468 1782/073 547 8536**)
- **Sr Magda van der Walt** se skoonsuster is in 'n baie ernstige toestand in die Welkom Medi Clinic. Sy ondervind asemhalings probleme en haar niere is besig om te verswak. Ons bid haar beterskap toe. (**Wyk 7 – 014 464 2622/083 461 3066**)
- Ons innige simpatie aan **Br Hannes en Sr Joey Uys** met die afsterwe van Br Hannes se bejaarde moeder verlede week. Die ter aarde bestelling was Donderdag hier in Klerksdorp (**Wyk 8 - 018 468 1594/ 072 184 9602**)

BEROEPE: GEREFORMEERDE KERKE

Geen beroepe nuus is hierdie week ontvang nie.

VERJAARSDAE

Sondag, 17 Maart 2013 – Saterdag, 23 Maart 2013			
17 Mrt	Konstand du Plessis	Wyk 27	083 233 3029
17 Mrt	Adriaan de Jager	Wyk 8	018 468 6877
17 Mrt	Danike Lemmer	Wyk 1	018 468 8903/ 082 505 5565
17 Mrt	Marco van Antwerp	Wyk 17	082 467 4907
18 Mrt	Phyllis du Plessis	Wyk 23	082 481 3335
20 Mrt	Bonnie Lotter	Wyk 8	018 468 1233
21 Mrt	Nadia Cornelius	Wyk 5	018 468 6803/073 199 6266
Al die lidmate wat hierdie week verjaar word 'n voorspoedige en geseënde nuwe lewensjaar toegewens. Mag die Here elkeen ryklik seën.			

Gemeentelede word herinner aan die erediens op Goeie Vrydag, 29 Maart 2013 om 9:30 in ons kerkgebou. Ds. André de Jager lei die erediens.